| vii. | 1.24c per kg van velle plaaslik geproduseer | Betaalbaar deur die prosesseerder van die vel aan die heffingsadministrateur. 1.24c per kg sal ook gevorder word vir elke ongeprosesseerde vel wat uitgevoer word, oorbetaalbaar deur die uitvoerder aan die heffingsadministrateur. |

(c) Geprosesseerde rooivleis en geprosesseerde varkvleis

1.24c per kg van rooivleis, rooivleisprodukte en varkvleis aangekoop deur vleisprosesseerders vir prosessering of verdere prosesseering, om oorbetaal te word deur vleisprosesseerders aan die heffingsadministrateur.

Notas

(i) Slegs een bedrag van R400 per jaar is betaalbaar deur 'n vleishandelaar per afsetpunt waardeur die vleishandelaar, rooivleis, rooivleisprodukte of geprosesseerde varkvleis verkoop word.

(ii) 'n 3% invorderingsfooi mag deur die abattoir afgetrek word van die heffings gevorder voor die heffings aan die heffingsadministrateur oorbetaal word.

(iii) Vir elke houer of besending om ingevoer te word sal R720 heffingskoste deur die aansoeker aan die heffingsadministrateur betaalbaar wees. Die kwitansienommer moet saam met die invoerpermitaansoek aan die uitreikingsbeampte ingedien word.

(iv) Wanneer 'n invoerpermit uitgereik word vir meer as een vraghouer of vrag per besending, sal elke afsonderlike vraghouer of besending tot 'n maksimum van 28mt heffingspligtig wees deur die aansoeker.

(v) Waar 'n meester invoerpermit uitgereik word sal R720 heffing vir elke veelvoud van 25mt deur die aansoeker betaalbaar wees.

(vi) Uitsluiting: Waar 'n invoerpermit uitgereik word vir die invoer van rooivleis en rooivleisprodukte en die hoeveelheid minder as 200kg is, sal die heffing nie betaalbaar wees op daardie invoerpermitaansoek nie.

**Persone deur wie en aan wie heffings betaalbaar is**

6. Die heffing opgelê volgens kolom een van seksie 5 sal betaalbaar wees deur die persone soos uiteengesit in kolom twee van die regulasie aan die heffingsadministrateur of sy benoemde agent binne die tydperk uiteengesit in seksie 8.

**Riglynpryse**

7. Die riglynpryse vir die verskillende aangewese diere, rooivleis en rooivleisprodukte, geprosesseerde vleis, huide en velle is as volg:

(a) <u>Beeste</u>

| **Kategorie** | **Riglynpryse** |
|---|---|
| i. Slagdiere | |
| - Kalwers | R3,070 per kop |
| - Beeste | R4,500 per kop |
| ii. Karkasprys | Gemiddelde prys R19.30 / kg |
| iii. Vleis ingevoer | Gemiddelde prys R18.50 / kg |
| iv. Lewende beeste uitgevoer | R4,500 per kop |
| v. Huide | R7.50 / kg |

(b) <u>Skape en Bokke</u>

| **Kategorie** | **Riglynpryse** |
|---|---|
| i. Slagdiere | |
| - Skape en Bokke | R635 per kop |
| - Lammers | R400 per kop |
| ii. Karkasprys | Gemiddelde prys R26.00 / kg |
| iii. Vleis ingevoer | Gemiddelde prys R18.00 / kg |
| iv. Lewende skape en bokke uitgevoer | R635 per kop |

v. Velle R27.00 / vel

(c) <u>Geprosesseerde rooivleis en geprosesseerde varkvleis</u>

| Katagorie | Riglynpryse |
|---|---|
| i. Geprosesseerde rooivleis en geprosesseerde varkvleis | Gemiddelde prys R15.00 / kg |

**Betaling en afdwinging van die heffing**

8. 'n Heffing opgelê in terme van hierdie regulasie sal soos volg aan die heffingsadministrateur betaal word :

(a) In geval van 'n gebeurlikeid na verwys in seksie 5 (a) ii, 5 (b) ii en 5 (c) binne 14 dae na die einde van die kalendermaand waarin die gebeurlikheid plaasgevind het.

(b) In die geval van die heffing na verwys in seksie 5 (a) iii en 5 (b) iii op of voor die laaste dag van Maart van die betrokke jaar wat die heffing betaalbaar is.

(c) In die geval van 'n gebeurlikheid na verwys in seksie 5(a) iv, v, vi en vii en 5 (b) iv, v, vi en vii binne 14 dae na maandeinde van die kalendermaand waarin die transaksie plaasgevind het.

(d) In die geval van 'n gebeurlikheid na verwys in seksie 5 (a) iv en 5 (b) iv, voor die uitreiking van 'n invoer permit deur die uitreikingsbeampte.

8.1 Betaling sal gedoen word by wyse van 'n tjek of elektronies bankoordrag ten gunste van die heffingsadministrateur.

(a) Per tjek:
Meat Statutory Measure Services
P O Box 36802
Menlo Park
Pretoria
0102

(b) Elektronies oordrag: in die rekeningnommer verskaf deur die heffingsadministrateur.

8.2 Enige abattoir soos omskryf, mag by die heffingsadministrateur aansoek om vrystelling doen van die bepalings van seksie 5 (a) ii en 5 (b) ii op grond daarvan dat dit 'n

welsynsorganisasie ingevolge artikel 1 van die Wet op Waardetoegevoegde Belasting, 1991 (W Nr 89 van 1991) is.

8.3 Die implementering, administrasie en afdwinging van die statutêre maatreël gevestig in hierdie regulasie is toevertrou aan die Meat Statutory Measure Service, 'n Artikel 21 Maatskappy wat kragtens artikel 14 van die Wet opgerig is.

**Eskalasie**

9. Die heffing sal vanaf die derde jaar van die heffingsperiode na die volgende bedrae verhoog word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5 (a) i | R4.26 | 5 (b) i | R0.90 |
| 5 (a) ii | R7.10 | 5 (b) ii | R1.38 |
| 5 (a) iii | R450 | 5 (b) iii | R450 |
| 5 (a) iv | R792 | 5 (b) iv | R792 |
| 5 (a) v | R7.10 | 5 (b) v | R1.38 |
| 5 (a) vii | 1.37c/kg | 5 (b) viii | 1.37c/kg |
| | | 5 (c) | 1.37c/kg |

**Aanwending van heffing**

10. Die Minister keur goed dat:

(a) Ten minste 70% van die heffingsfondse vir aktiwiteite rakende verbruikersgerustheid, verbruikerskommunikasie en opvoeding, navorsing en ontwikkeling, bedryfskakeling, produksieontwikkeling en voldoening aan wetgewing aangewend sal word;

(b) Nie meer as 10% vir heffing administrasie gebruik word nie; en

(c) Ongeveer 20% toegewys word vir transformasie.

**Aanvang en geldigheidstydperk**

11. Hierdie statutêre maatreël sal op 5 November 2010 in werking tree en sal na 'n periode van vier jaar verval.

**No. 1051** **11 November 2010**

## MARKETING OF AGRICULTURAL PRODUCTS ACT, 1996
## (ACT NO.47 OF 1996)

## ESTABLISHMENT OF STATUTORY MEASURE: RECORDS AND RETURNS BY ABATTOIRS AND OTHER ROLE – PLAYERS IN THE RED MEAT INDUSTRY

I, Tina Joemat-Pettersson, Minister of Agriculture, Forestry & Fisheries, acting under sections 10, 13, 14 and 18 of the Marketing of Agricultural Products Act, 1996 Act No, 47 of 1996), as amended, hereby establish the statutory measure set out in the attached schedule.

**TINA JOEMAT-PETTERSSON**
Minister of Agriculture, Forestry & Fisheries

## SCHEDULE

**Definitions**

1. In this schedule any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall have that meaning, and unless the context otherwise indicates –

"**designated animals**" for purposes of this regulation, means cattle, sheep and goats.

"**levy notice**" means any notice whereby a levy is imposed on designated animals, red meat products, meat products, processed pork, hides and skins in terms of the Act.

"**levy administrator**" means the Meat Statutory Measure Services, the juristic person entrusted with the implementation, administration and enforcement of the statutory measure established in this regulation.

"**red meat**" means any carcase of any part of a slaughtered and skinned designated animal, fresh or frozen which has not undergone any processing other than deboning, portioning, dicing, mincing, cooling or freezing.

"**red meat products**" means any product derived from the processing of red meat, with or without the addition of other meat or food products.

"**the Act**" means the Marketing of Agricultural Products Act, 1996 (Act no 47 of 1996) as amended

**Purpose and aim of this statutory measure and the relation thereof to the objectives of the Act**

2. The purpose and aim of this statutory measure is to compel the parties set out herein to render records and returns to the levy administrator. This is necessary to ensure that continuous, timeous and accurate information relating to the designated animals slaughtered and their products, is available to all role-players. Market information is deemed essential for all role-players in order for them to make informed decisions. By prescribing the keeping of records with the rendering of returns on a individual basis, market information for the whole of the industry can be processed and published.

The establishment of this statutory measure should assist in promoting the efficiency of the marketing of red meat. The viability of the red meat industry should thus be enhanced.

This statutory measure is not detrimental to any of the objectives of the Act, and in particular will not be detrimental to the number of employment opportunities or fair labour practice in the red meat industry.

Any information obtained through this mechanism will be dealt with in a confidential manner and sensitive or potentially sensitive client-specific information shall be dealt with in accordance with section 23 (2) of the Act.

This statutory measure will be administered by the levy administrator, who will act in terms of the mandate and on behalf of the red meat industry through its representative organ, namely the Red Meat Industry Forum.

**Products to which this statutory measure applies**

3. This statutory measure shall apply to all:

(a) designated animals, hides and skins, red meat and red meat products from designated animals as well as red meat and red meat products imported into the Republic of South Africa;

(b) designated animals exported live from the Republic of South Africa; and

(c) processed red meat and processed pork.

**Area in which this statutory measure shall apply**

4. This statutory measure shall apply in the geographical area of Republic of South Africa.

**Records to be kept, returns to be rendered and the enforcement thereof**

5. Any person referred to in section 5 (a), 5 (b) and 5 (c) of the levy notice, with the exception of persons referred to in section 5 (a) i and 5 (b) i thereof, shall keep such records and render the returns as may be required by the levy administrator for designated animals, red meat products, meat products, hides and skins.

5.1 The records referred to in section 5 shall –

(a) be recorded on a computer or with ink in a book; and

(b) be kept at the registered premises of the person required to keep it for a period of at least three years.

5.2 The returns referred to in section 5 shall be rendered on a form obtainable free of charge for this purpose from the levy administrator and shall-

(a) be submitted, when forwarded by post, to-

Meat Statutory Measure Services
P O Box 36802
Menlo Park
Pretoria
0102

(b) When sent by telefax, be addressed to:

012361 2382

5.3 The implementation, administration and enforcement of the statutory measure established in this regulation are entrusted to the Meat Statutory Measure Services, a Section 21 Company, established in terms of section 14 of the Act.

5.4 Returns referred to in section 5 (a) ii, iv, v, vi and vii, 5 (b) ii, iv, v, vi and vii, and 5 (c), must be submitted within 14 days of the end of the calendar month in which the transaction took place. In the event of section 5 (a) iii and 5 (b) iii must be submitted on or before March of the relevant year of which the levy is payable.

**Commencement and period of validity**

6. This statutory measure shall come into operation on 5 November 2010 and will lapse after a period of four years.

**No. 1051** **11 November 2010**

## WET OF DIE BEMARKING VAN LANDBOUPRODUKTE, 1996
## (WET 47 VAN 1996)

## DAARSTELLING VAN STATUTÊRE MAATREËL: OPGAWES EN VERSLAGGEWING VAN ABATTORIS EN ANDER ROLSPELERS IN DIE ROOIVLEISBEDRYF

Ek, Tina Joemat-Pettersson, Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, handelende kragtens artikels 10, 13, 14 en 18 van die Wet op die Bemarking van Lanbouprodukte, 1996 (Wet Nr. 47 van 1996), soos gewysig, stel hiermee die statutêre maatreël in soos in die bylaag hierby aangeheg, uiteengesit is.

**TINA JOEMAT-PETTERSSON**
Minister van Landbou, Bosbou en Visserye

## BYLAAG

**Woordomskrywing**

1. In hierdie bylaag het enige woord of uitdruking waaraan 'n betekenis volgens die Wet toegeken is, daardie betekenis tensy die konteks anders bepaal, en beteken –

**"aangewese dier"** vir die doel van hierdie regulasie verwys na beeste, skape en bokke.

**"geprosesseerde rooivleis"** beteken die vleis van aangewese diere wat verander is behalwe deur versnippering, verdeling en maal, van sulke vleis, om die vleis te verbeter.

**"geprosesseerde varkvleis"** beteken die vleis van varke wat verander is behalwe deur versnippering, verdeling en maal, van sulke vleis, om die vleis te verbeter.

**"heffingsadministrateur"** verwys na die Meat Statutory Measure Services, die regspersoon wat toevertrou is met die implementering, administrasie en afdwinging van die staturêre maatreël gevestig in hierdie regulasie,

**"heffingskennisgewing"** enige kennisgewing waarvolgens 'n heffing op 'n aangewese dier, rooivleisprodukte, vleisprodukte, geprosesseerde varkvleis, huide en velle in terme van die Wet ingestel word.

**"rooivleis"** beteken enige karkas of gedeelte van 'n geslagte, afgeslagde aangewese dier, vars of bevrore, wat nie prosessering andersins as ontbening, versnippering, verdeling, maal, verkoeling of bevriesing ondergaan het nie.

**"rooivleisprodukte"** beteken enige produkte wat ontstaan van die prosessering van rooivleis met of sonder die byvoeging van ander vleis of voedsel produkte.

**"die Wet"** die Wet op Bemarking van Landbouprodukte, 1996 (Wet no. 47 van 1996) soos gewysig.

**Doel en oogmerk van hierdie statutêre maatreël en die verwantskap met die doelwitte van die Wet**

2. Die doel en oogmerke van hierdie statutêre maatreël is om die partye hierin uiteengesit te noop om opgawes en verslae by die heffingsadministrateur in te handig. Dit is om te verseker dat aaneenlopende, akkurate inligting rakende geslagte diere en hul produkte betyds aan alle rolspelers beskikbaar is. Markinligitng is noodsaaklik vir alle rolspelers om ingeligte keuses te kan uitoefen. Die byhou van opgawes met die inhandiging van verslae op 'n individuele basis beteken markinligting kan geprosesseer en vir die bedryf gepubliseer word.

Die daarstelling van hierdie statutêre maatreël moet help om die effektiwiteit van die rooivleisbemarking te bevorder. Die lewensvatbaarheid en effektiwiteit van die rooivleisbedryf behoort dus verhoog te word.

Hierdie statutêre maatreël is nie nadelig vir enige van die doelwitte van die Wet nie en sal, in besonder, nie nadelig vir die aantal werksgeleenghede of regverdige arbeidspraktyk in die rooivleisbedryf wees nie.

Enige inligting wat deur middel van hierdie meganisme bekom word, sal op 'n vertroulike basis hanteer word en sensitiewe of potensieël sensitiewe, klient spesifieke inligting sal krgatens artikel 23 (2) van die Wet hanteer word.

Die statutêre maatreël sal deur die heffingsadministrateur volgens die mandaat en namens die rooivleisbedryf deur middel van die verteenwoordigende liggaam, die Rooivleisbedryfsforum, geadministrateer word.

**Produkte waarop hierdie statutêre maatreël van toepassing sal wees**

3. Hierdie statutêre maatreël sal van toepassing wees op alle:

(a) aangewese diere, huide en velle, rooivleis en rooivleisprodukte van hierdie aangewese diere asook alle rooivleis en rooivleisprodukte wat in die Republiek van Suid-Afrika ingevoer is, asook

(b) aangewese diere wat vanuit die Republiek van Suid-Afrika uitgevoer word, asook

(c) geprosesseerde rooivleis en geprosesseerde varkvleis.

**Gebied waarin hierdie statutêre maatreël van toepassing sal wees**

4. Hierdie statutêre maatreël sal in die geografiese gebied van die Republiek van Suid-Afrika van toepassing wees.

**Opgawes wat gehou en verslae wat ingehandig moet word en die afdwinging daarvan**

5. Enige persoon waarna in seksie 5 (a), 5 (b) en 5 (c) van die heffingskennisgewing verwys is, *met die uitsondering van persone na wie in seksie 5 (a) i en 5 (b) i*, verwys word, sal sodanige opgawes byhou en verslae inhandig soos deur die heffingsadministrateur vir aangewese diere, rooivleisprodukte, vleisprodukte, huide en velle vereis mag word.

5.1 Die opgawes waarna in seksie 5 verwys word sal:

(a) op rekord geplaas word deur middel van 'n rekenaar of met ink in 'n boek; en

(b) vir 'n tydperk van ten miste drie jaar gehou word op die geregistreerde perseel van die persoon wat die opgawes moet indien.

5.2 Die verslae waarna in seksie 5 verwys word sal ingehandig word op 'n vorm, gratis verkrygbaar van die heffingsadministrateur, en moet –

(a) Per pos gestuur word aan:
Meat Statutory Measure Services
Posbus 36802
Menlopark
Pretoria
0102

of

(b) Getelefaks word aan:
012 361 2382

5.3 Die implementering, administrasie en afdwinging van die statutêre maatreël gevestig in hierdie regulasis is toevertrou aan die Meat Statutory Measure Service, 'n Artikel 21 Maatskappy, wat kragtens artikel 14 van die Wet opgerig is.

5.4 Die verslae waarna in seksie 5 (a) ii, iv, v, vi en vii, 5 (b) ii, iv, v, vi en vii, en 5 (c) verwys word moet ingehandig word binne 14 dae na die einde van die kalendermaand waarin die transaksie plaasgevind het. Die verslae waarna in seksie 5 (a) iii en 5 (b) iii verwys word moet op of voor die laaste dag van Maart van die betrokke jaar wat die heffing betaalbaar is, ingehandig word.

**ıanvang en geldigheidstydperk**

6. Hierdie statutêre maatrëel sal op 5 November 2010 in werking tree en sal na 'n periode van vier jaar verval.

**No. 1052** **11 November 2010**

## MARKETING OF AGRICULTURAL PRODUCTS ACT, 1996
## (ACT NO.47 OF 1996)

## ESTABLISHMENT OF STATUTORY MEASURE: REGISTRATION OF ROLE-PLAYERS IN THE RED MEAT INDUSTRY

I, Tina Joemat-Pettersson, Minister of Agriculture, Forestry & Fisheries, acting under sections 10, 13, 14 and 19 of the Marketing of Agricultural Products Act, 1996 (Act No, 47 of 1996), as amended, hereby establish the statutory measure set out in the attached schedule.

**TINA JOEMAT-PETTERSSON**
Minister of Agriculture, Forestry & Fisheries

## SCHEDULE

### Definitions

1. In this schedule any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall have that meaning, and unless the context otherwise indicates –

"**designated animals**" for purposes of this regulation, means cattle, sheep and goats.

"**levy notice**" means any notice whereby a levy is imposed on designated animals, red meat products, meat products, processed pork, hides and skins in terms of the Act.

"**levy administrator**" means the Meat Statutory Measure Services, the juristic person entrusted with the implementation, administration and enforcement of the statutory measure established in this regulation.

"**red meat**" means any carcase of any part of a slaughtered and skinned designated animal, fresh or frozen which has not undergone any processing other than deboning, portioning, dicing, mincing, cooling or freezing.

"**red meat products**" means any product derived from the processing of red meat, with or without the addition of other meat or food products.

"**the Act**" means the Marketing of Agricultural Products Act, 1996 (Act no 47 of 1996) as amended

### Purpose and aim of this statutory measure and the relation thereof to the objectives of the Act

2. The purpose and aim of this statutory measure is to compel the parties set out herein to register with the levy administrator. This is necessary to ensure that continuous, timeous and accurate information relating to designated animals slaughtered and its products, is available to all role-players. Market information is deemed essential for all role-players in order for them to make informed decisions.

The establishment of this statutory measure should assist in promoting the efficiency of the marketing of red meat. The viability of the red meat industry should thus be enhanced.

This statutory measure is not detrimental to any of the objectives of the Act, and in particular will not be detrimental to the number of employment opportunities or fair labour practice in the red meat industry.

This statutory measure will be administered by the levy administrator, who will act in terms of the mandate and on behalf of the red meat industry through its representative organ, namely the Red Meat Industry Forum.

**Products to which this statutory measure applies**

3. This statutory measure shall apply to all:

(a) designated animals, hides and skins, red meat and red meat products from designated animals as well as red meat and red meat products imported into the Republic of South Africa;

(b) designated animals exported live from the Republic of South Africa; and

(c) processed red meat and processed pork.

**Area in which measure shall apply**

4. This statutory measure shall apply in the geographical area of Republic of South Africa.

**Registration and enforcement**

5. Any person referred to in section 5 (a), 5 (b) and 5 (c) of the levy notice, with the exception of persons referred to in section 5 (a) i and 5 (b) i, shall on an annual basis register and re-register with the levy administrator.

5.1 Registration shall be done immediately upon receipt of a registration form obtainable free of charge for this purpose from the levy administrator, and must –

(a) be submitted, when forwarded by post, to -

Meat Statutory Measure Services
P O Box 36802
Menlo Park
Pretoria
0102

(b) When sent by telefax, be addressed to:

012 361 2382

5.2 Any abattoir as defined in the levy notice may apply to the levy administrator for exemption from the provisions of section 5 (a) ii or 5 (b) ii of the levy notices for purposes of this statutory measure on the grounds that it is a welfare organisation as defined in terms of section 1 of the Value Added Tax Act, 1991 (Act 89 of 1991).

5.3 The implementation, administration and enforcement of the statutory measure established in this regulation are entrusted to the Meat Statutory Measure Services, a Section 21 Company, established in terms of section 14 of the Act.

***Commencement and period of validity***

6. This statutory measure shall come into operation on 5 November 2010 and will lapse after a period of four years.

**No. 1052** **11 November 2010**

## WET OP DIE BEMARKING VAN LANDBOUPRODUKTE, 1996
## (WET 47 VAN 1996)

## INSTELLING VAN STATUTÊRE MAATREËL: REGISTRASIE VAN ROLSPELERS IN DIE ROOIVLEISBEDRYF

Ek, Tina Joemat-Pettersson, Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, handelende kragtens artikels 10, 13, 14 en 19 van die Wet op die Bemarking van Lanbouprodukte, 1996 (Wet Nr. 47 van 1996), soos gewysig, stel hiermee die statutêre maatreël in soos in die bylaag hierby aangeheg, uiteengesit is.

**TINA JOEMAT-PETTERSSON**
Minister van Landbou, Bosbou en Visserye

# BYLAAG

## Woordomskrywing

1. In hierdie bylaag het enige woord of uitdruking waaraan 'n betekenis volgens die Wet toegeken is, daardie betekenis tensy die konteks anders bepaal, en beteken –

**"aangewese dier"** vir die doel van hierdie regulasie verwys na beeste, skape en bokke.

**"geprosesseerde rooivleis"** beteken die vleis van aangewese diere wat verander is behalwe deur versnippering, verdeling en maal, van sulke vleis, om die vleis te verbeter.

**"geprosesseerde varkvleis"** beteken die vleis van varke wat verander is behalwe deur versnippering, verdeling en maal, van sulke vleis, om die vleis te verbeter.

**"heffingsadministrateur"** verwys na die Meat Statutory Measure Services, die regspersoon wat toevertrou is met die implementering, administrasie en afdwinging van die staturêre maatreël gevestig in hierdie regulasie.

**"heffingskennisgewing"** enige kennisgewing waarvolgens 'n heffing op 'n aangewese dier, rooivleisprodukte, vleisprodukte, geprosesseerde varkvleis, huide en velle in terme van die Wet ingestel word.

**"rooivleis"** beteken enige karkas of gedeelte van 'n geslagte, afgeslagde aangewese dier, vars of bevrore, wat nie prosessering andersins as ontbening, versnippering, verdeling, maal, verkoeling of bevriesing ondergaan het nie.

**"rooivleisprodukte"** beteken enige produkte wat ontstaan van die prosessering van rooivleis met of sonder die byvoeging van ander vleis of voedsel produkte.

**"die Wet"** die Wet op Bemarking van Landbouprodukte, 1996 (Wet no. 47 van 1996) soos gewysig.

## Doel en oogmerk van hierdie statutêre maatreël en die verwantskap met die doelwitte van die Wet

2. Die doel en oogmerke van hierdie statutêre maatreël is om die partye hierin uiteengesit te noop om by die heffingsadministrateur te registreer. Dit is om te veseker dat

aaneenlopende, akkurate inligting rakende aangewese diere en hul produkte betyds aan alle rolspelers beskikbaar gestel word. Markinligting is noodsaaklik vir alle rolspelers om ingeligte keuses te kan uitoefen.

Die daarstelling van hierdie statutêre maatreël moet help om die effektiwiteit van die rooivleisbemarking te bevorder. Die lewensvatbaarheid en doeltreffendheid van die rooivleisbedryf behoort dus verhoog te word.

Hierdie statutêre maatreël is nie nadelig vir enige van die doelwitte van die Wet nie en sal, in besonder, nie nadelig vir die aantal werksgeleenghede of regverdige arbeidspraktyke in die rooivleisbedryf wees nie.

Die statutêre maatreël sal deur die heffingsadministrateur volgens die mandaat en namens die rooivleisbedryf deur middel van die verteenwoordigende liggaam, die Rooivleisbedryfsforum, geadministrateer word.

**Produkte waarop hierdie statutêre maatreël van toepassing sal wees**

3. Hierdie statutêre maatreël sal van toepassing wees op alle:

(a) aangewese diere, huide en velle, rooivleis en rooivleisprodukte van hierdie aangewese diere asook alle rooivleis en rooivleisprodukte wat in die Republiek van Suid-Afrika ingevoer is, asook

(b) aangewese diere wat vanuit die Republiek van Suid-Afrika uitgevoer word, asook

(c) geprosesseerde rooivleis en geprosesseerde varkvleis.

**Gebied waarin hierdie statutêre maatreël van toepassing sal wees**

4. Hierdie statutêre maatreël sal in die geografiese gebied van die Republiek van Suid-Afrika van toepassing wees.

**Opgawes wat gehou en verslae wat ingehandig moet word en die afdwinging daarvan**

5. Enige persoon waarna in seksie 5 (a), 5 (b) en 5 (c) van die heffingskennisgewing verwys is, met die uitsondering van persone na wie in seksie 5 (a) i en 5 (b) i, verwys word, moet op 'n jaarlikse basis by die heffingsadministrateur registreer en her-registreur.

5.1 Registrasie moet plaasvind sodra 'n registrasievorm, gratis verkrygbaar van die heffingsadministrateur, ontvang word en moet –

(a) Per pos gestuur word aan:
Meat Statutory Measure Services
Posbus 36802
Menlopark
Pretoria
0102

of

(b) Getelefaks word aan:
012 361 2382

5.2 Enige abattoir soos omskryf mag by die heffingsadministrateur aansoek om vrystelling doen van die bepalings van seksie 5 (a) ii en 5 (b) ii van die heffingskennisgewing vir doeleindes van hierdie statutêre maatreël op grond daarvan dat dit 'n welsynsorganisasie ingevolge artikel 1 van die Wet op Waardetoegevoegde Belasting, 1991 (Wet Nr 89 van 1991) is.

5.3 Die implementering, administrasie en afdwinging van die statutêre maatreël gevestig in hierdie regulasie is toevertrou aan die Meat Statutory Measure Service, 'n Artikel 21 Maatskappy wat kragtens artikel 14 van die Wet opgerig is.

**Aanvang en geldigheidstydperk**

6. Hierdie statutêre maatreël sal op 5 November 2010 in werking tree en sal na 'n periode van vier jaar verval.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001
Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531

33751—**1**